# KAAPSE ONAFHANKLIKHEIDS PARTY- CAPEXIT



## Die Kaapse Waarborg - Plaaslike Gemeenskappe Eerste

Ons manifes vir 'n sterk en vooruitstrewende Kaap

## INHOUD


INLEIDING TOT DIE KAAPSE ONAFHANKLIKHEIDS PARTY ....................3

BOODSKAP VAN DIE PRESIDENSIËLE RAAD ....................4

VISIE VIR DIE KAAPSE REPUBLIEK ....................5

EKONOMIE ....................6

WET ....................7

- DEFINISIE ....................7
- KONSTITUSIE VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA ....................8
- HANDVES VAN DIE VERENIGDE VOLKE 1945 ....................8
- VERENIGDE NASIES ....................8
- INTERNASIONALE GELOFTE OP SIVIELE EN POLITIEKE REGTE ....................9
- AFRIKA UNIE (AFRICAN UNION – AU) ....................9
- SAMEVATTING ....................10

ONS KONTRAK MET DIE KAAP ....................10

- VOORWOORD ....................10
- CAPEXIT WAARBORG – PLAASLIKE GEMEENSKAPPE EERSTE ....................11

BELEID ....................13

- DIREKTE DEMOKRASIE – REFERENDUM, INISIATIEF, KANSELLERING EN HERROEPING ....................13
- MISDAAD ....................14
- BEHUISING ....................14
- ONDERWYS ....................15
- BEE, EEA EN AA (INSTITUSIONELE RASSISME) ....................16
- WERKSVERSKAFFING ....................16
- OMGEWING ....................17
- GESONDHEID EN MEDIESE SORG ....................18
- ONWETTIGE IMMIGRASIE EN STERK GRENSE ....................18
- KORRUPSIE ....................18
- MEDIA VRYHEID ....................19
- INTERNET VRYHEID ....................19
- VERKEERSOPHOPING EN DOELTREFFENDE PAAIE ....................19
- ENERGIE EN WATER ....................20
- HANDEL/HAWENS (LUG, SPOOR, SEE) ....................21
- KULTUUR ....................21

NEEM STANDPUNT IN: KAAP ONAFHANKLIKHEID ....................22



*Die Kaap van Goeie Hoop*

## INLEIDING TOT DIE KAAPSE ONAFHANKLIKHEIDS PARTY

Die Kaapse Onafhanklikheids Party - CAPEXIT (voorheen Kaapse Party) is gestig in 2007.

In 2008 is die Party amptelik by die Onafhanklike Verkiesingskommissie (OVK) in die Republiek van Suid Afrika geregistreer as ‘n politieke party.

Ons eerste hoop is dat die ANC-beheerde Suid-Afrikaanse regering in onmiddellike onderhandelings met ons sal tree om ‘n einde te bring aan die huidige langstaande politieke, sosiale en ekonomiese onderdrukking van die Kaap en sy mense.

Deur groter provinsiale beheer oor ons eie ekonomiese, sosiale en politieke sake toe te laat, sal ons ten minste daarin slaag om ons mense te bevry van deel van die daaglikse vervolging wat ons moet verduur.

Indien die geleentheid om regverdig te onderhandel nie moontlik is nie, sal ons geen ander opsie hê nie as om alle wettige en vreedsame stappe te neem sodat die Kaap groter outonomie van die Republiek van Suid-Afrika kan verkry, of om totale onafhanklikheid na te jaag... Die Kaapse Republiek.

Indien die Party die meerderheid stemme in ‘n verkiesing in die Kaapse gebied ontvang, sal dit die amptelike mandaat van die kiesers wees om 'n referendum uit te roep om die Kaap as onafhanklike land te verklaar.

As onafhanklike staat, met gesonde politieke en ekonomiese beleid, sien ons ‘n sisteem van direkte demokrasie wat die hergeboorte van ‘n nasie moontlik maak, gebaseer op wedersydse respek, vrede en vooruitgang…

... Die Kaap van Goeie Hoop.

# BOODSKAP VAN DIE PRESIDENSIËLE RAAD

Jack Miller

*Kaapse Onafhanklikheids Party – CAPEXIT Leier*
*(NUK, Presidensiële Raad, Stigter)*



Jack Miller

Beste Mense van die Kaap,

Ons land is té lank reeds in die greep van 'n politieke sisteem wat menslike vryheid ignoreer, wat bronne plunder tot voordeel van sommiges, en wat verskeie groepe van die bevolking wat nie tot die regering van die dag behoort nie, vervolg.

Sedert die Britse Ryk se vorming van die Unie van Suid Afrika in 1910, tot die Apartheid Regering,tot die ANC regime van vandag, het elkeen die gesentraliseerde staat se magshefbome tot hulle eie voordeel gebruik deur die onderdrukking van ander.

Dit is tyd dat ons onsself inlig. Om te verstaan dat die sisteme gebou op dwangstrukture, ongeag watter magshoofde of etniese groepe daardie plekke vul, in sigself ontwerp is om te misluk.

Kom ons bedank die geskiedenis vir die wyse lesse en roep die foute vaarwel toe.

Oral waar ek gaan hoor ek eindelose besware in verband met die toestand van die land en die toekoms. As u werklik ernstig was, sou u wil voortgaan op dieselfde pad wat u hiertoe gebring het?

*"Die definisie van waansin is om oor en oor dieselfde ding oor en oor te doen en 'n ander resultaat te verwag."* - Albert Einstein -

Suid-Afrikaanse politiek is 'n stagnante put van rassistiese ekstremiste, kommunistiese aristokrasie en ruggraatlose grys pakke. Die trajek van die land is duidelik en die afdraande wordal hoe steiler.

Die oplossings is eenvoudig. Met ons kollektiewe wil is dit 'n eenvoudige keuse.Kom ons staan saam teen hierdie mislukte sisteem.

Kom ons stem vir die Kaapse Onafhanklikheids Party - CAPEXIT. Kom ons maak die Kaap vry.

Op 'n toekoms van vrede en vooruitgang…

# VISIE VIR DIE KAAPSE REPUBLIEK

Die Kaapse Republiek is ongeveer dieselfde grootte as Frankryk, het 'n GDP van oor R1.04 Miljard, en in feitlik alle opsigte vermag dit meer as enige provinsie in Suid-Afrika. Dit is die moeite werd om te meld dat, van die R325 Miljard wat die Wes-Kaap aan die nasionale skatkis stuur, 'n skamele R75 Miljard teruggegee word. R250 Miljard word dus in die nasionale ruim van die regering, wat deur die ANC gekontrolleer word, gehou. Ons word finansieël droog gebloei. Die feit is dat 'n onafhanklike Kaap by verre meer ekonomies lewensvatbaar is as die Republiek van Suid-Afrika.

Ons glo vas dat politiek nie links of regs is nie, maar eerder reg of verkeerd. Daarom gebruik ons die wêreld as ons laboratorium met die doel om uit te vind watter modelle suksesvol is en watter misluk. Ons wil die ekonomiese vryheid van Singapoer naboots asook die voetsoolvlak demokrasie van Switserland. Ons beleid van immigrasie op uitnodiging word deur alle groot lande beoefen en ons beoog om dit ook in die onafhanklike Kaapse Republiek te doen.

Ons glo dat Verteenwoordigende Demokrasie (m.a.w. die sisteem waardeur politieke partye verteenwoordigers na die parlement kies) misluk het. Dis 'n uitgediende en oneffektiewe wyse om 'n land te regeer en verleen homself tot geheimhouding en korrupsie. Die publieke belang word deur politieke partye uitverkoop ten gunste van persoonlike gewin of tot voordeel van spesiale-belange groepe.

Ons verkies dus Direkte Demokrasie en 'n sisteem van referendum, inisiatief, herroeping en kansellering gebaseer op die Switserse regeringsmodel. Politieke mag is gedesentraliseerd en word teruggebring tot die bron daarvan: die kieser, die belasting-betaler, die burger.

Trouens, in ’n onafhanklike Kaap glo ons nie dat dit eers nodig sal wees om politieke partye te hê nie, aangesien gemeenskappe vir individuele mense behoort te stem, in teenstelling met onverantwoordbare politieke entiteite.

Daarom teken alle CAPEXIT Party kandidate ’n ooreenkoms dat hulle gebonde is om die belange van hul plaaslike gemeenskap te verteenwoordig en daarvoor te veg, soos uitgedruk deur ’n openbare deelname proses.

Die twintigste eeu het die wêreld geleer dat kleiner beter is. Kleiner state word beter regeer, beter bestuur en is meer samehorig en aanspreeklik as groter super-state wat feitlik altyd misluk weens hulle grootte.

Ons uitdaging is nou om die boodskap met ons mede landsburgers te deel sodat die land waarna ons almal verlang 'n moontlikheid kan wees.

# EKONOMIE

Die Kaap word tans ekonomies geskend.

Ontmoet DORA.

Die Verdeling van Inkomste Wet (Division of Revenue Act) is die rekenskap van alle inkomste wat in Suid-Afrika ontvang word deur direkte en indirekte belasting. Dit word onderverdeel in Nasionale, Provinsiale en Plaaslike sfere van regering.

In gedesentraliseerde lande/federasies is die toekenning van plaaslike inkomste hoër as nasionale toekenning. Daarom het plaaslike gemeenskappe meer geld en meer beheer oor hoe dit bestee word.

In gesentraliseerde vorms van regering is die nasionale toekenning hoër as plaaslike toekenning. Daarom het plaaslike gemeenskappe minder geld en minder beheer oor hoe dit bestee word.

Hier is Suid-Afrika se verdeling van inkomste op die drie vlakke van regering:

Totale inkomste ingesamel: R 2.383 Triljoen

Nasionale Toekenning: R 1.602 Miljard (67%)

Provinsiale Toekenning: R 670.3 Miljard (28%)

Plaaslike Toekenning: R 110.1 Miljard (5%)

Hierdie is 'n uiters gesentraliseerde sisteem, en dit werk nie. So, hoeveel verloor ons?

Die Wes-Kaap betaal: R325 Miljard

Die Wes-Kaap ontvang R75 Miljard

Ons ontvang 'n skamele 23% van wat ons inbetaal.

Die ander 77% word deur die Nasionale sfeer van regering beheer, met ander woorde, die ANC! Ons “oorleef” op R75 Miljard!

As ons onafhanklik was, sou ons 'n bykomende R250 Miljard direk tot ons beskikking hê!

In 'n onafhanklike Kaap sal ons belastings gehalveer word...

...en dienste sal nogtans verdubbel!

# WET

Die reg tot selfbeskikking is 'n universele en onvervreembare mensereg. Regerings word aangestel met toestemming van die wat vir hulle stem. As mense kies om die staat waaronder hulle lewe te verander, dan is dit hulle besluit en hulle besluit alleen om dit te verander volgens hulle wil.

***Selfbeskikking*** dek 'n hele reeks verskillende grade van outonomie, en as sulks kan dit 'n hele paar verskillende betekenisse en woorde insluit. Voorbeelde hiervan is: vryheid, afstigting, onafhanklikheid, dekolonisasie, soewereiniteit, self-eienaarskap, self-regering, outonomie, semi-outonomie, federasie, konfederasie, kanton, mikro-staat...ens.

Wettige handveste regoor die wêreld erken en waarborg die reg tot selfbeskikking.

## Definisie

**Selfbeskikking**

Selfstandige naamwoord | self-be-skikking|

(Encyclopaedia Britannica)

1. Die proses waarby 'n groep mense wat gewoonlik 'n sekere graad van nasionalebewustheid het, hul eie staat vorm en hul eie regering kies.

(Merriam-Webster - Woordeboek)

1. Vrye keuse van mens se eie wette of state sonder dwang van buite
2. Beskikking deur die mense van 'n gebied oor hulle eie toekomstige politieke

status. (Ensiklopedie Princetoniensis, Princeton Universiteit)

1. Mees basies kan die beginsel van selfbeskikking gedefinieer word as die reg van 'n gemeenskap om hulle politieke toekoms te kies. Dit kan keuses insluit in verband metdie uitoefening van soewereiniteit en onafhanklike eksterne verhoudings (eksterne selfbeskikking) of dit kan verwys na die keuse van vorms van regering (interne selfbeskikking).

**Mees belangrik, dit is die "self" wat die reg het om "te bepaal" watter toekoms enbestemming mens wil hê.**

**So, komaan! Laat ons besluit watter tipe toekoms ons wil hê!**

## Konstitusie van die Republiek van Suid-Afrika

Hoofstuk 6 Seksie 127

Bevoegdhede en funksies van Premiers

(1) Die Premier van ’n provinsie het die bevoegdhede en funksies wat ingevolge die Grondwet en enige wetgewing aan daardie amp toevertrou word.

(2) Die Premier van ’n provinsie is verantwoordelik vir—…

(f) die uitroeping van ’n referendum in die provinsie ooreenkomstig nasionale wetgewing.

Hoofstuk 14. Seksie 235.

Herken en Waarborg

“...die reg tot selfbeskikking van enige gemeenskap wat dieselfde kulturele- en taal-geskiedenis deel, binne 'n landsgebied in die Republiek...”

Die Kaap voldoen aan al die nodige kriteria om te kwalifiseer vir selfbeskikking.

1) Die Kaap is 'n territoriale entiteit.
2) Afrikaans is die meerderheid/algemene taal erfenis van die Kaap.
3) In 1652 het 'n kombinasie van Khoisan en Hollanders 'n kultuur begin wat huidig die meerderheid in die Kaap vorm.

## Verenigde Volke Handves 1945

Hoofstuk 1: Doelstellings en Beginsels
Artikel 1

Die Doelstellings van die Verenigde Volke is:…

2. Om vriendelike betrekkings tussen nasies te ontwikkel gebaseer op die beginsel van gelyke regte en **selfbeskikking van mense**, en om ander gepaste stappe te neem om universele vrede te versterk;…

## Verenigde Nasies

**Selfbeskikking: Beginsel en Die Wet**

Verklaring oor die Toelating van Onafhanklikheid aan Koloniale Lande en Volke

Aangeneem deur die VV Algemene Vergadering
Resolusie 1514 (XV), 14 Desember 1960

**Verklaring**

…

2. Alle mense het die reg tot self-beskikking; daardeur het hulle die vryheid om te besluit wat hulle

politieke status is en kan hulle hul eie ekonomiese, sosiale en kulturele ontwikkeling nastreef.

…

5. Onmiddellike stappe sal geneem word, in Trust en Nie-Selfregerende Gebiede of alle andergebiede wat nog nie hul eie onafhanklikheid verkry het, om die oordrag van regering aan die mense van daardie gebiede, sonder enige voorbehoud van besluite, in ooreenstemming met die daarstelling van hulle vryheid en wense, sonder enige onderskeiding op grond van ras, geloof of kleur, sodat hulle hul totale onafhanklikheid en vryheid kan geniet.

## Internasionale Gelofte op Siviele en Politieke Regte

G.A. Res 2200A (XXI), 21 U.N. GAOR Supp (Nr. 16) van 52, U.N. Doc A/6316 (1966), 999 U.N.T.S.

171, van krag Maart 23, 1976.

DEEL 1

Artikel 1

1. **Alle mense het die reg tot selfbeskikking.** Daarom het hulle die **vryheid om hul eie politiekestatus daar te stel en die vryheid om hul ekonomiese, sosiale en kulturele vooruitgang na te streef.**

2. **Alle mense mag, vir hul eie doel, van hul natuurlike rykdom en bronne vryelik ontslae raak** sonder voorkeur aan enige verpligtinge wat uit internasionale ekonomiese medewerking voortspruit, gebaseer op die beginsel van wedersydse voordeel en internasionale wet. In geen geval mag mense van hul eie opbrengs vir oorlewing ontsê word nie.

3. Staatsdeelnemers aan die huidige Gelofte, insluitend die wat verantwoordelik is vir die administrasie van **Nie-Selfregerende** en Trust-Gebiede**, sal die realisering van die reg tot selfbeskikking bevorder** en sal hierdie reg respekteer, in ooreenstemming met die voorwaardes van die Handves van die Verenigde Volke.

## Afrika Unie (African Union – AU)

Afrika Unie Handves op Menslike en Mense Regte

Selfbeskikking

Artikel 20

1. Alle mense sal die reg hê tot bestaan. **Mense sal die onteenseglike en onvervreembare reg hê tot**

**selfbeskikking. Hulle sal hul politieke status vryelik bepaal en sal hul ekonomiese en sosiale ontwikkeling najaag volgens die beleid wat hulle vryelik gekies het.**

2. Gekoloniseerde of verdrukte mense sal die reg hê om op enige wyse wat erken word deurdie internasionale gemeenskap, hulself te bevry van die bande van dominasie.

3. Alle mense sal die reg hê tot hulp van die huidige Handves se Staatsdeelnemers, in hul bevrydingstryd teen vreemde dominasie, hetsy dit polities, ekonomies of kultureel is.

### Samevatting

'n Groot aantal handveste wat die reg tot selfbeskikking ondersteun, kan in verskeie bronne gevind word. Vir die doel van bondigheid is die verskeidenheid voorbeelde voldoende in die opsig dat hulle baie verskillende liggame van wettige raamwerk dek aan wie die Republiek van Suid-Afrika as ondertekenaar gebind is.

Dus is Kaap Onafhanklikheid nie net wettig verseker deur die Suid Afrikaanse Konstitusie nie, maar ook deur die Afrika Unie, die Verenigde Volke en Internasionale Wet.

## ONS KONTRAK MET DIE KAAP

### Voorwoord

Die Kaapse Onafhanklikheids Party - CAPEXIT glo dat regering 'n diens is wat gelewer word aan die publiek, wie dan ook daarvoor betaal. Om as 'n publieke verteenwoordiger te dien, is die hoogste eer wat 'n gemeenskap aan 'n individu kan gee, of dit in regering is of in opposisie. Daarom is ons toegewyd daaraan om ons pligte as verkose verteenwoordigers na te kom op 'n wyse getrou aan ons saak en te verseker dat die mense van die Kaap vooropgestel word.

Ons bied 'n vennootskap aan waardeur ons saam 'n beter Kaap vir ons en ons kinders kan bou. Ons streef daarna om die Kaap en die lewens van al die Kaapse burgers in die onmiddellike en medium termyn te verbeter in soveel areas van nood as moontlik. Ons bly egter gefokus op ons visie vir die toekoms. Na Kaapse Onafhanklikheid, sal ons die oorheersende gesentraliseerde regulasie van die Suid-Afrikaanse staat kan afskud en beleid kan implementeer vir grootskaalse opheffing en wydverspreide vooruitgang vir al die inwoners van die Kaap.

Die Kaapse Republiek sal 'n land wees waar doeltreffende en aanspreeklike regering verseker dat dienste van die hoogste standaard gelewer word, waar ons diverse mense waardeer word, nie vir hul velkleur nie, maar vir hul pogings en etiek.

## Die CAPEXIT Waarborg — Plaaslike Gemeenskappe Eerste

Die CAPEXIT waarborg is vervat in: “Die CAPEXIT-GEMEENSKAP Ooreenkoms”.

Die CAPEXIT Party waarborg alle kiesers dat ons kontraktueel gebonde is om hulle en hulle gemeenslkappe se beste belange te verteenwoordig en daarvoor te veg.

Elke enkele CAPEXIT Party Kandidaat teken “Die CAPEXIT-GEMEENSKAP Ooreenkoms”.

Hierdie ooreenkoms bepaal dat ons, as verteenwoordigers van die gemeenskappe wat ons aan bewind gestem het, gebonde is om julle beste belange in die regering te verteenwoordig en daarvoor te veg.

Ons glo die beste manier om te verseker dat ons vir julle werk, is om ons opdragte van julle te ontvang.

Een van die mees voor-die-hand-liggende maniere om ons opdragte van julle te ontvang, is om te luister na wat julle sê in die Openbare Deelname proses.

Ons waarborg dat waar ’n openbare deelname proses plaasgevind het, of waar betekenisvolle en beduidende betrokkenheid by ’n plaaslike gemeenskap plaasgevind het, en julle ons vertel het dat julle op ’n sekere manier voel oor ’n spesifieke beleid, of ’n projek, of ’n ontwikkeling ens dan is ons gebonde om julle bekommernis in die regering te beveg en te verteenwoordig.

Dit moet opgemerk word, dat ons op ’n gereelde basis ’n groot aantal bekommernisse ontvang, en ons sal ons bes doen met die aantal setels wat ons in die regering het, die tyd wat aan ons toegewys is, en ander redelike beperkings, om julle bekommernisse te opper en vir julle beste belange te veg. Sien volgende bladsy vir die Waarborg.




*2009 - Die Kaapse Onafhanklikheids Party in Blikkiesdorp: 'n Kaapse gemeenskap ontwrig deur die huidige regering en vergete in onaanvaarbare omstandighede van alreeds veelbekende informele gebiede.*

Datum: ………………

# DIE CAPEXIT WAARBORG

## "DIE CAPEXIT - GEMEENSKAPSOOREENKOMS"

### PLAASLIKE GEMEENSKAPPE EERSTE

Hierdie Ooreenkoms is 'n waarborg namens die Cape Independence Party – CAPEXIT, en die plaaslike gemeenskappe wat vir ons gestem het en ons aan bewind gestel het – ONS STEL U EERSTE!

Vir veels te lank het die regering kiesers, inwoners, tariefbetalers, belastingbetalers en burgers soos slawe behandel. Dit is tyd dat ons terugkeer na 'n regering, *Deur die Mense, Vir die Mense*. Hierdie is die CAPEXIT Ooreenkoms tussen elkeen van ons kandidate en U, die gemeenskap.

Ek,……………………………………………, ID-nommer:……………………………………..

As 'n kandidaat vir die Cape Independence Party – CAPEXIT, waarborg ek hiermee dat ek alles binne my vermoë sal doen om te veg, en 'n verteenwoordiger te wees, vir die beste belange van die kiesers, inwoners, tariefbetalers, belastingbetalers en gemeenskappe wat my in die regering ingestem het.

Ek sal alle relevante Openbare Deelname prosesse hersien en, waar moontlik, met gemeenskapsleiers, verteenwoordigers, tariefbetalersorganisasies, buurtwagte en ander organisasies of individue wat die belange van plaaslike gemeenskappe verteenwoordig, in gesprek tree. Nadat ek my bes gedoen het om te verstaan wat die verskillende gemeenskapsbekommernisse is, sal ek hierdie standpunte vervolgens in die regering via die beskikbare platforms verteenwoordig en oor beleide, projekte, mosies, ens. stem op 'n wyse wat die belange van die gemeenskap die beste verteenwoordig.

Kandidaat se Handtekening: …………………………………… Cape

Independence Party – CAPEXIT

# BELEID

## Direkte Demokrasie – Referendum, Inisiatief, Nullifikasie en Herroeping

Direkte Demokrasie is 'n sisteem waar die regering sy besluitnemingsvermoëns direk van die publiek wie hulle dien, ontvang. Die regering is deursigtig en verantwoordbaar. In wese beteken dit dat politieke mag in die hande van individue, wat die beleidsriglyne van hulle land, hulle provinsie en hulle plaaslike gemeenskappe beheer, geplaas word. Nie net elke vyf jaar nie, maar elke moment van elke dag.

Direkte Demokrasie het ‘n aantal kontrole maatreëls wat verseker dat die integriteit van die sisteem gehandhaaf word. Die mees algemene en noemenswaardige hiervan is referendums, inisiatiewe, nullifikasie en herroeping.

**Referendum:** Dit is wanneer 'n wet/beleid aanvaar of verwerp word deur die burgers se stem. Dit is die ware fondament van direkte demokrasie.

**Inisiatief:** Dit is wanneer die publiek saam kom om 'n nuwe wet/beleid voor te stel. Ná 'n sekere aantal handtekeninge ontvang is in die vorm van 'n petisie, word die voorstel of inisiatief aanvaar en lei dit tot 'n referendum.

**Nullifikasie:** Dit is wanneer die publiek nié ten gunste van 'n bestaande wet is nie en 'n petisie daarstel om die wet/beleid te verwyder. Dit is soortgelyk aan inisiatief, maar omgekeerd – in plaas daarvan om 'n nuwe, goeie wet voor te stel, stem die publiek om 'n ou, slegte wet te verwyder. Dit hou die politieke stelsel buigbaar en sensitief vir die huidige wil van die publiek.

**Herroeping:** Dit is wanneer die publiek stem om 'n politikus te verwyder. As bewyse vorendag kom dat 'n politikus nie meer die belang van die publiek dien nie, kan 'n petisie geloods word om die politikus onmiddellik te verwyder. In diegeval van bewyse korrupsie of onwettige aktiwiteit, sal hy/hulle verwyder word van die amp en voor die gereg te staan kom.

Korter kanale tussen die burgers en die staat verseker dat elke belasting-betaler sent spandeer word soos dit hoort, regering is deursigtig en politici is verantwoordbaar.

Om op 'n alreeds bewyse sisteem te verbeter: met die internet en hedendaagse tegnologie is daar geen rede waarom ons nie bogenoemde vermoëns in 'n eenvoudige mobiele/rekenaar model kan inkorporeer nie.

## Misdaad

Die basiese funksie van 'n regering is om die publiek se veiligheid te verseker. Dit is duidelik dat die Suid-Afrikaanse regering, die polisie sisteem en die kriminele justisie sisteem die publiek wie hulle dien, gefaal het.

Ons staan daarvoor dat die swaarste strawwe teen die ernstigste oortreders gehef moet word. Referenda moet gehou word om die strafbare misdaad sisteem in lyn te bring met die wil van die burgers. Die huidige gevangenis-stelsel dien bloot as 'n welsynshuis en teelaarde vir bendes, met moordenaars en verkragters wat vrygelaat word nadat 'n verkorte tydperk van die vonnis uitgedien is. Ligte oortreders word tussen die ergste kriminele aangehou met geen inagneming vir die skade wat eersgenoemde daardeur mag ly nie.

Ons plan :

- Sny uitgawes aan verkwistende burokrasie en fokus bronne op die forensiese departement en die opleiding van professionele ondersoek-eenhede.
- Prioritiseer die ontwikkeling en groei van voetsoolvlak gemeenskaps-gebaseerde polisiëring.
- Maak dit 'n prioriteit dat die polisie se fokus op ernstige en werklike misdaad is, nie op klein oortredings wat die publiek teister nie.
- Dit is ons standspunt dat die doodstraf weer ingestel moet word vir die mees genadelose misdadigers skuldig aan die ernstigste misdade. Ons sal egter 'n referendum hou om seker te maak dat die straf sisteem die wil van die burgers weerspieël.

## Behuising

Reeds vir te lank het die Nasionale en Provinsiale behuising beleid rassisties gediskrimineer teenoor die inheemse publiek van die Kaap.

Ons glo dat behuising aan burgers voorsien moet word op 'n “eerste gekom, eerste gekry” basis en volgens behoefte. Rassistiese politiek behoort nie deel te wees van enige behuisingsproses nie. Onder 'n Kaapse Onafhanklikheids Party - CAPEXIT regering, sal titelaktes gegee word aan daardie huurders wat reeds meer as 20 jaar in staatsbehuising woon. Eiendom in privaat besit word behoorlik opgepas want eienaars neem persoonlike verantwoordelikheid om hulle eiendom te bewaar. Dit behoort die ideaal te wees en ons sal daarna streef dat die ekonomiese klimaat sodanig is dat meer mense die arbeidsmag kan betree, krediet kan aanvra en hul eie eiendomme kan besit en ontwikkel.

Baie van ons armer buurte is inderdaad gebroke gemeenskappe waarin 'n siklus van werkloosheid, verdowingsmiddels, 'n tekort aan onderrig en mishandeling bestaan. Om daardie siklus te verbreek, is 'n basiese plan van behoorlike behuising en skoon woongebiede fundamenteel om die mees dringende sake van ons gebroke gemeenskappe in die Kaap te hanteer.

Ons plan:

- Titelaktes vir bestaande raadshuis huurders van langer as 20 jaar
- Geen rassistiese kwotas in behuising
- Behuising sal toegeken word op 'n "eerste gekom, eerste gekry" basis
- Bevorder privaat besit van behuising

## Onderwys

Onderwys is die hoeksteen van die gemeenskap en is fyn ingeweef in familie en gemeenskap weefstof. Ons kinders behoort groot te word in waardige behuising met sterk familiebande wat op 'n platform kan voortbou om hul kinders se potensiaal te bevorder. Die regering kan dit nie alleen doen nie. Ouers is die pilare van die onderwys vennootskap en gemeenskapsgebaseerde pogings sal fundamenteel wees daaraan om 'n sterk onderwys stelsel te bou.

Dit is noodsaaklik om ekonomiese bedrewenheid hoog te ag en 'n werksetiek te koester wat ons ekonomie 'n aantreklike opsie sal maak vir plaaslike sowel as buitelandse beleggers. Deur te verseker dat studente toepaslike en betroubare vaardigheid ontvang, word werk-sekuriteit bewerkstellig asook 'n inkomste wat geleenthede daarstel om eiendom te besit, om vir 'n familie te sorg en om 'n progressief opwaartse pad uit armoede te verkry.

Ons plan:

- Minder burokratiese papierwerk vir onderwysers en meer tyd bestee aan onderrig.
- Kleiner getal leerders per klas.
- Bevorder privaat skole in lae-inkomste areas in lyn met huidige tendense.
- Bevorder vaardighede wat sal bydra tot betekenisvolle onderrig met ekonomiese waarde.

- Herbekendstelling van die ambagsman sisteem.
- Geborgde onderwys vir studente in lae-inkomste areas.
- Verhoog die aanvaarbare standaard van onderwys. Enigiets minder as basiese bekwaamheid in lees en skryf is hoegenaamd geen onderwys nie.
- Onderrig programme om Suiwer Wiskunde, Wetenskap en IT te beklemtoon.
- Ekonomiese beloning om geskoolde arbeid in die land te hou en om onderrig van toekomstige geslagte te bevorder.

## BEE, EEA en AA (institusionele rassisme)

Ons glo aan gelyke geleenthede vir alle burgers en sal ‘n einde maak aan alle rassistiese wetgewing, kwotas en beleide wat die Suid-Afrikaanse regering tans op die Kaap afdwing. Rassistiese profilering en diskriminasie het geen plek in die 21e eeu nie.

Meer as een miljoen (1 000 000) mense aan die Kaap staar werkloosheid in die gesig weens die ANC se Werksgelykgeid Wet (“Employment Equity Act”) wat direk diskriminerend teen kleurling-, wit- en Indiese rassegroepe in Suid-Afrika is. Die Party staan heftig teen hierdie blatante rassistiese beleid. Ons sal onmiddellik weier dat dit in die Kaapse Republiek ge-implementeer word – dit sal geen plek in 'n onafhanklike Kaapse Republiek hê nie.

## Werksverskaffing

Mense skep werk, die regering skep nie werk nie. Wette wat mense verhoed om entrepreneurs of werkverskaffers te wees en die mees bedrewe van die land se werksmag land-uit dryf, veroorsaak dat ons 'n krimpende ekonomie in die gesig staar met wydverspreide verlies aan werksgeleenthede. Die regering se plig is om werkskepping te koester, nie om dit in die wiele te ry met beleid wat diskrimineer, burokratiese romp-slomp wat produktiwiteit smoor en belastings wat her-belegging verhoed nie. Studies het bewys dat een opgeleide werker aan ongeveer 10 onopgeleide werkers, werk verskaf*. Met meer as een miljoen opgeleide werkers wat Suid-Afrika oor die afgelope 20 jaar verlaat het, is die opgeloopte verlies aan werk in die land verbysterend. Suid-Afrika het een van die hoogste neerdrukkende belasting-sisteme in die wêreld met vergeleke onpeilbare herroeping van diens en dit te midde van die slegste globale ekonomiese toestande. Hierdie sisteme sal tot 'n einde moet kom om die tendens van geskoolde emigrasie en werkloosheid om te keer.

(Human Capital Flight: Stratification,Globalization, and the Challenges to Tertiary Education in Africa; Benno J.Ndulu; JHEA/RESA Vol. 2, No. 1, 2004, pp. 57–91)

## Omgewing

Die Kaap van Goeie Hoop is die tuiste van een van, indien nie die mees unieke blom- en natuurlike koninkryke ter wêreld nie!

Ons geliefde Fynbos, en soveel meer.

Van die punt van Kaappunt, deur ons wêreldbekende wingerde, deur die woude van die Tuinroete, langs die Kaap se kronkelende riviere en majestueuse berge, deur die dorre woestyne van die Karoo en Noord-Kaap, tot by die wilde oseane van die Weskus, en die ikoniese Tafelberg...Die Kaap van Goeie Hoop kan die mooiste plek op God se aarde wees.

En vir ons is dit ons tuiste.

Ons omgewing is gevul met die mooiste fauna, flora, oseane, strande, berge, sonskyn en lug.

Dit is ’n onvervangbare en mees kosbare geskenk.

Dit is ons plig om hierdie pragtige omgewing te beskerm, bewaar, versorg en te laat floreer.

Benewens die bydrae wat dit tot ons welstand, gesondheid en kalmte maak, is dit ook ’n kern dryfveer agter die Kaapse ekonomie en ons toerismebedryf.

CAPEXIT beskou die natuurlike omgewing en ekosisteem van die Kaap daarom as ’n nasionale skat, en glo dat dit ’n vlak van beskermde status in ons Grondwet behoort te geniet om te verseker dat dit nie net bewaar en beskerm word nie, maar dat maatreëls ook ingestel word om dit waar nodig te herstel en te verbeter.

Skoon riviere, skoon oseane en goed-onderhoude reservoirs en damme is sentraal tot die voorsiening van beide die natuur en ’n menslike stedelike omgewing se lewensbloed .

Water, die beskerming, opvang, suiwerheid en instandhouding daarvan, is dus die kern om ’n goed-funksionerende en gesonde land vir mense, plante en natuur te verseker.

Lug is die belangrikste enkele komponent van menslike lewe. Ons asem dit in, elke oomblik van elke dag.

Besoedeling van ons lug en waterweë het buite beheer geraak. Swaar nywerhede behoort op veilige afstande van stedelike nedersettings geleë te wees, en die hoeveelheid en tipe afval wat geproduseer word, behoort behoorlik bestuur en weggedoen te word. Daar is talle innoverende voorbeelde in ander dele van die wêreld wat in die Kaap gerepliseer kan word.

Die dravermoë van die land. Land kan slegs ’n bepaalde bevolkingsgrootte en aanvraag volhou.

Die Kaap, en veral Kaapstad, is ingeperk en omring deur oseane en berge. Daar is ’n beperking op die hoeveelhed hoëdigtheid stedelike ontwikkeling wat moontlik, gesond of veilig is.

Die afgelope twee dekades het die DA-beheerde Stad Kaapstad en Wes-Kaapse regering ’n uiters aggressiewe stedelike verdigtingsagenda gevolg.

CAPEXIT staan dit teë.

Ons glo dat stede, dorpe en gemeenskappe organies en natuurlik behoort te groei.

Die belasting van die sukkelende middel- en werkersklasse behoort nie gebruik te word om gesubsidieerde en gratis behuising, gratis elektrisiteit en gratis water as aansporing te bied aan mense wat van elders af na die Kaap kom nie.

Die Kaapse Vlakte ervaar ongeveer 30% werkloosheid, terwyl haweloosheid en informele agterplaaswonings ’n algemene werklikheid in ons Kaapse gemeenskappe is.

CAPEXIT glo dat totdat ons die werkloosheid, haweloosheid, behuising en dienslewering van ons eie Kaap-gebore gemeenskappe aangespreek het, ons nie die massatoestroming van mense uit ander gebiede na die Kaap behoort te insentiviseer deur gratis ‘handouts’ nie - terwyl plaaslike gemeenskappe gelaat word om te ly, met niks.

Dit sal help om die las en aanvraag wat tans op Kaapstad se oorbelaaide water-, sanitasie- en rioolstelsel, paaie, behuising, ekonomie en infrastruktuur netwerke geplaas word, te verminder.

Mens en natuur behoort simbioties met mekaar saam te leef, en regeringsbeleid behoort hierdie balans te bevorder en te beskerm - nie die teenoorgestelde nie.

Die Kaap is die tuiste van talle ondernemende en visionêre denkers, en ’n wêreld van oplossings kan en sal gevind word om die omgewing, natuurlik en stedelik, aan te spreek in ’n Kaap waar ons vry is om onsself te regeer.

## Gesondheid en Mediese sorg

Soos met behuising, is mediese sorg ook slagoffer van die gekonsentreerde invloei van immigrante vanuit ander dele van die land. Mediese bronne is beperk en kan nie eens naastenby aan die aanvraag van die plaaslike bevolking voldoen nie. Die Kaap bly steeds die tuiste van een van die hoogste koerse van tuberkulose (TB) in die wêreld. Medikasie vir die behandeling van HIV en TB behoort voorrang te geniet vir pasiënte van plaaslike gemeenskappe wat hieraan ly. Sensus 2011 toon ’n bevolkings-aanwas van 29% oor ‘n dekade in die Westelike Kaap, dit is dubbel die Suid-Afrikaanse gemiddelde.

Die Suid-Afrikaanse regering wil nie die toegekende inkomste aan die Kaap verhoog nie, tog word ons belas om behuising, elektrisiteit, water, werk en mediese sorg te voorsien vir 'n instroming van migrante terwyl in die behoeftes van ons eie gemeenskappe nie voorsien kan word nie.

Nie alleen het ons hospitale 'n tekort aan bronne nie, maar ook aan nodige opgeleide kundiges om aan die vraag te voldoen. Suid-Afrika se rassistiese kwotabeleid het desperaat-benodigde dokters, professionele medici en spesialiste uit die land verdryf na lande waar hulle volgens meriete waardeer word, nie volgens velkleur nie. Rassisme behoort geen plek te hê in die menslike waardigheid van die red van lewens nie en hierdie beleid moet eindig.

## Onwettige Immigrasie en Sterk Grense

Liefdadigheid begin tuis. 'n Regering wat nie sy eie grense kan bewaak nie of wat nie die reg van sy burgers tot die bronne van sy/haar eie land kan beskerm nie, misluk in sy fundamentele taak en is nie langer 'n wettige regering nie. Hierdie land gaan gebuk onder vêr oor die 30% werkloosheid*, tog stroom ongeskoolde onwettige immigrante die land binne wat beperkte hulpmiddels verteer. Ons wil 'n sterk grens afdwing omdat dit die basis is om sy burgers se reg tot hul eie tuisland se bronne te bewaar.

*(expanded definition, Statistics South Africa)

## Korrupsie

Die Suid-Afrikaanse regering is 'n onbeheerde kleptokrasie.  Diegene aan bewind gebruik hul posisie om

finansiële gewin te bevorder vir hulself, hul families en politieke bondgenote. Nepotisme is só algemeen dat tafelgesprekke en daaglikse nuusblaaie na hierdie tendens verwys as 'n eenvoudige feit. Die Suid-Afrikaanse regering se R1.3 Triljoen begroting is 'n voerbak vir die politieke elite.

Die belastingbetaler en die armes ly daaronder. Middels wat vantevore aangewend was om die infrastruktuur en funksionering van die land te onderhou, word nou verduister, of dit 'verdwyn' eenvoudig. Die regering doen self- ouditering en bevind hulself onskuldig. Daar is geen aanspreeklikheid nie.

Ons wil dieselfde wigte en teenwigte daar stel wat verseker het dat Switserland se politieke stelsel een van die minste korrupte stelsels in die wêreld is. Referendums, inisiatiewe, herroeping en kansellering is die stelsels wat stem mag aan gemeenskappe verleen om te verseker dat die regering hul geld spandeer soos dit gedoen behoort te word. As dit nie so geskied nie, sal ons, die landsburgers, hulle in die tronk stop.

## Media Vryheid

Vryheid van spraak is 'n fundamentele pilaar van enige ware demokrasie en vrye gemeenskap. Dit is 'n burger se reg om hom/haar vryelik te kan uitspreek sonder sensuur of beperking, nie alleen in fisiese spraak nie maar ook in die soeke na en ontvangs van inligting of idees, ongeag die medium. Burgers behoort volle en vrye toegang tot inligting te hê. Dit is die plig van die media om te verseker dat onbevooroordeelde en onpartydige berriggewing van inligting betyds beskikbaar gestel word aan die publiek sonder om sensuur te vrees.

## Internet Vryheid

Die Internet is seker die mees kragtige medium van menslike uitdrukking wat daar nog ooit bestaan het. Vryelik gedryf deur mense en idees, was die vermoë om kennis en kommunikasie uit te ruil nog nooit meer bruisend met moontlikhede nie. Internet vryheid is inherent in menseregte deurweef. Dit is onlosmaaklik deel van vryheid van spraak en vryheid van assosiasie. In 'n onafhanklike Kaap sal internet vryheid toegelaat word om te floreer, beskerm teen enige beperking en sensuur. Hierop gebaseer sien ons die Kaap as 'n gesogde bestemming uit dwarsoor die wêreld vir vindingrykheid en tegnologie.

## Verkeersophoping en Doeltreffende Paaie

Bestuurders-onderrig, lisensie bevoegdheid en opleiding, verkeerspolisie opleiding, padtekens en verkeerswette behoort opgeknap te word om die beduidende volume van pendelaars op die pad te beheer.

Té dikwels word die tender-proses wat betrokke is in die duur installasie van verkeersligte en verskeie padwerke, goedgekeur, nie vir ‘n spesifieke publieke behoefte nie, maar vir die voordeel van dié groepe wat tenders uitreik of ontvang.

- Onnodige verkeersopeenhopingspunte moet opgeklaar word.

- Bestuurderslisensies mag nie uitgereik word tensy 'n gemiddelde standaard van bestuursonderrig bereik is waarin die applikant begrip van veilige en doeltreffende bestuursprotokol toon.

## Energie en Water

Energie is die basis van enige funksionerende moderne gemeenskap. Dit behoort doeltreffend geproduseer te word deur sisteme van bevoegdheid en versprei te word teen 'n bekostigbare prys. Terselfdertyd moet energie deur middel van ten volle verstaanbare wyses geproduseer word en bedryf word sonder om enige kort- of langtermyn risiko's vir die gemeenskap of omgewing in te hou. Veiligheid en produktiwiteit behoort gelyk gebalanseerd te wees.

Onbevoegde regerings-gekontroleerde monopolieë veroorsaak ondoeltreffende, duur en onbetroubare energie. In Suid-Afrika word ons geforseer om buitensporige pryse te betaal vir 'n diens wat somtyds ophou om te bestaan.

Tydens kragonderbrekings verloor ons die moontlikheid om te kommunikeer, in enkele ure begin voedselverskaffers se ware verrot en basiese goedere word al skaarser. Die resultaat van duur, ontoereikende en/of afwesige energie is onherstelbare ekonomie, besighede wat sluit, werkloosheid, verbeurde buitelandse beleggings, prysverhogings en ten ergste moontlike lewensbedreigende scenario's oor 'n wye spektrum (hospitale, padongelukke, misdaad, oproer, ens.). Die koste van onstabiele elektrisiteit is 'n verbysterende R89 Miljard per maand in verlies aan produktiwiteit, inkomste en vermorsing*.

Daar is 'n rykdom van wêreldklas en vindingryke wyses om energie te produseer. Die Kaap het die ideale ligging om uit sulke ontwikkelings voordeel te trek met ons wye oseane, oop velde en het in die Noord-Kaap van die hoogste sonkrag in die wêreld wat wag om aangewend te word. Ons ontvang beduidende reën in sommige gebiede wat – indien korrek aangewend word – opgaarplekke kan voorsien wat aan die Kaap water surplusse kan verskaf sowel as addisionele turbine energie. Die konstruksie van ontsoutingsaanlegte sal verseker dat as enige addisionele vereistes nie aan voldoen word deur reënval gedurende droogte tye nie, steeds 'n konstante water voorraad verskaf sal word gedurende noodtoestande.

Dus, die Kaap het 'n rykdom van natuurlike bronne, en enige tekort aan energie en water is 'n direkte en onverskoonbare resultaat van die regering se wanbestuur, mislukte beleid en wantoekenning van burgers se belasting.
Die opgeleide tegnici wat benodig word om bogenoemde programme te bou en te ontwikkel word dikwels uit Suid-Afrika geroof deur ander lande en internasionale besighede wat die waarde van ons mense – afgesien van hulle ras – erken.

Daarom, addisioneel tot hernude groei van die energie industrie deur bevoegde en doeltreffende bestuur van ons bestaande sisteme, sal ons ‘n omgewing fasiliteer waar hernubare en innoverende industrieë verken kan word, en sal ons terselfdertyd verseker dat ons opgeleide tegnici nie onnodig weggedryf word nie.

*(Public Finance International: The Economic Impact of South Africa’s Energy Crisis 29/05/15)

## Handel/Hawens (lug, spoor, see)

'n Land se hawens is die oop hande waarmee ons ons vennote ontmoet, hetsy indie vorm van toerisme of handel. 'n Land se hawens behoort nie plekke te wees waar buitensporige belastings gehef en beperkings opgelê word nie, maar moet eerder vriendelike ontvangskamers wees vir die eb en vloei van geleenthede. DieKaapse burgers sal vry voel om hul goedere op internasionale markte te verhandel sonder versmorende beperkings. Insgelyks behoort ons plaaslike markte te bruis met al die ware wat die wêreld ons kan bied teen die mees bekostigbare pryse, vry van omslagtige burokratiese rompslomp en beperkende belastings.

## Kultuur

Handel moet regverdig en oop wees vir alle partye, of hulle individue, besighede, invoerders of uitvoerders is. Dit laat natuurlike groei van die land se ekonomie toe deur 'n mark waarin landsburgers toegang het tot die wydste spektrum van goedere teen die laagste moontlike pryse. Die resultaat is meer handel en daardeur meer werksgeleenthede, hoër lewenstandaarde en algemene groei van die ekonomie in alle sektore.

Die Party erken die unieke kultuur wat uit die verreikende geskiedenis van die Kaap en sy mense voortspruit. Stelselmatige aanvalle vanaf alle vlakke van regering, beide Nasionaal en Provinsiaal, het die waardes en tradisies wat kleur en lewe aan die Kaap verleen, gemarginaliseer.

Ons sal verseker dat die kultuur van die Kaap sentraal staan in die politieke, ekonomiese en sosiale mag wat ons land bedryf.

Ons Plan:

- Beskerm en bevorder die Afrikaanse taal. Die Suid-Afrikaanse regeringsbeleid om Afrikaanse kultuur te vernietig deur wette wat onderrig in Afrikaans aan ons skole en universiteite as ‘n misdaad beskou, sal nooit daglig sien onder 'n Kaapse Onafhanklikheids Party - CAPEXIT regering nie. Die Afrikaanse taal is uniek in die wêreld en vier die verskeie gemeenskappe wat oor die eeue die Kaap hul tuiste genoem het. Insgelyks, beskerm en bevorder die fundamentele kultuur, taal en tradisies van die Khoisan en eer hulle koninklike erfenis regdeur die groter Kaap.

- Die *'Tweede Nuwe* Jaar' sal ‘n erkende dag van feesviering wees. Gehou op die 2e Januarie, sal dit weer as 'n amptelike vakansiedag ingestel word. In ooreenstemming met geskiedkundige tradisie, sal die 'Minstrel Parades' die vryheid hê om deur die strate van Kaapstad op te tree. Dit is nie alleen 'n bruisende uitdrukking van Kaapse identiteit nie, maar dit dra ook by tot die waarde van ons ekonomie. Die 'Mardi Gras' parade in Brasilië kan gesien word as‘ n soortgelyke voorbeeld van ‘n fees met wêreldwye aantrekking wat blootstelling aan en finansies van toeriste en borge van dwarsoor die wêreld teweegbring.

  Die onderwysstelsel moet genoegsame aandag skenk aan die lang geskiedenis van die Kaap, ons verskeidenheid van mense en ons gevolglike kleurvolle kultuur. Dit behoort die huidige eensydige benadering tot die geskiedenis wat slegs fokus op ‘n verhaal wat begin en eindig met die ANC, te balanseer.

## NEEM STANDPUNT IN: KAAPSE ONAFHANKLIKHEID

Die misdaad golf en rassisties aanstootlike wetgewing het baie mense geforseer om die idee van beplanning van hul toekoms in vreemde lande te aanvaar. 'n Vervreemding van kultuur en die aanval op taal en kultuur instellings het bande van Suid-Afrikaanse minderhede met hulle geboorteland laat verbreek. Immer meer mense besluit om te trek om 'n lewe oorsee aan te durf. Sommiges het uit heimwee teruggekeer om net weer getref te word deur die golf van misdaad en meer vervreemding. Dit is duidelik dat ons in die nabye toekoms nie meer 'n tuiste sal hê wat ons 'huis' sal kan noem nie – 'n plek waarmee ons ons sal kan vereenselwig. Die groot en unieke geskiedenis van die Kaap sal vir ewig verlore wees tensy ons halt roep om ons waardes en identiteit te bewaar, in plaas daarvan om toe te gee aan die oplegging van vreemde waardes en identiteit. Om te wag, sal dwaas wees, ons kan ledigheid nie bekostig as ons ooit teen diegene wat ons leefwyse wil vernietig, wil seëvier nie.

Neem standpunt in.

Stem Kaapse Onafhanklikheids Party - CAPEXIT




*Die Kaapse Onafhanklikheids Party-familie*

Cape Independence Party – Kaapse Onafhanklikheids Party

[www.capexitparty.com](http://www.capexitparty.com) – [cape@capexitparty.com](mailto:cape@capexitparty.com)